

GEDAGTE VIR DIE VASTYD

"... maar Hy het Homself daarvan leeggemaak deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis." (Filippense 2: 7-8)

Jesus is nie 'n Messias van mag en krag nie. Hy het die volk Israel nie van die Romeinse heerskappy kom bevry nie. Hy het hulle nooit enige politieke glorie beloof nie. As 'n ware Dienaar van die Here God, het Jesus sy sending uitgevoer deur één te wees met die magteloses van hierdie wêreld, deur almal diensbaar te wees en deur die vernedering van die dood te aanvaar.

Hy het nie gekom om mense se verwagtinge te vervul nie. Hy het geen aardse roem of mag nagestreef nie. Die Messias kan nie begryp word met die logika van aardse sukses of die maatstaf waarmee wêreldse projekte en aksies gemeet word nie. Jesus het sy sending van verlossing nie soseer met woorde nie, maar met dade vervul. Die liefde is die enigste voorwaarde om Hom te volg en self-opoffering is die bewys van daardie liefde.

Here, ek aanskou U aan die kruis en so begin ek om dit wat die wêreld sukses en mislukking noem te heroorweeg. Om waarlik suksesvol te wees is om myself na die beste van my vermoë in liefde te gee. Mislukking is om toe te laat dat selfsug my lewe en aksies beheer. Laat al my dade in en deur liefde geskied. Amen.

Sint Johannes Paulus II

